


#### DARLINGTERREINE:



#### MALMESBURYTERREINE:



#### YZERFONTEINTERREINE:



### SWARTLAND MUNISIPALITEIT KENNISGEWING 41/2020/2021

#### KENNISGEWING OM TE REGISTER: OPENBARE DEELNAME KONSULTASIEPROSES -

## ONTWIKKELING VAN 'N BESTUURSPLAN VIR SWARTLAND MUNISIPALE BESKERMDE- EN BEWARINGSGBIEDE IN DARLING, MALMESBURY EN YZERFONTEIN

Bevoegde owerheid: Wes-Kaapse departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning

Lede van die publiek word uitgenooi om deel te neem aan die konsultasieproses vir bogenoemde voorgestelde projek, ingevolge artikel 39 (3) van die Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermdede Gebiede Wet, Nr. 57 van 2003, soos gewysig en gepaardgaande regulasies.

'n Bestuursplan het ten doel om die ontwikkeling en bestuur van 'n beskermdede en openbare bewaringsgebied so te lei sodat dit voorsien:

- doelgerigte bestuur van die gebied;
- 'n instrument om die sukses van daardie bestuur te beoordeel;
- 'n meganisme om die plan periodiek in terme van die assessering te hersien
- 'n meganisme om hulpbronne vereistes en potensiële uitbreidingsgeleenthede vir beskermdede / bewaringsgebiede te bepaal
- 'n instrument om voorstelle vir addisionele hulpbronne vir die effektiewe bestuur van die gebied te ondersteun;
- 'n hulpmiddel om die eerste omvangsbepaling vir enige ontwikkeling binne die gebied te verskaf, ingevolge die Nasionale Omgewingsbestuur Wet, Nr. 107 van 1998, soos gewysig en die gepaardgaande regulasies op die omgewingsimpakbeoordeling, soos gewysig.

Die Swartland-beskermdede- en bewaringsgebiede se bestuursplan sal omgewingsbestuurskwessies vir spesifieke geïdentifiseerde terreine aanspreek, soos hieronder aangedui:

**Darlingterreine:** Erf Nr. RE / 2271 (Darling Groenkloof Natuurresewaat / Darling Veldblomme Natuurresewaat);  
Erf Nr. 4369 (Darling Renosterveld Natuurresewaat)

**Malmesbury-terreine:** Erf Nr. RE / 327 en Erf No. RE / 4847 (Driehoekspad Bewaringsgebied);  
Erf Nr. RE / 327 (Klipkoppie Bewaringsgebied)

**Yzerfontein-terreine:** 26 openbare oopruimte erwe reeds geïdentifiseer in die dorp

#### OPENBARE DEELNAME:

Alle belanghebbende en/of geaffekteerde partye (B&GP's) word uitgenooi om (skriftelik) te registreer deur gebruik te maak van die kontakbesonderhede hieronder en/of aanvanklike kommentaar, navrae, bekommernisse of geleenthede rakende die voorgestelde projek, voor of op **Vrydag, 22 Januarie 2021** te lewer.

B&GP's moet na die naam van die projek verwys (Swartland Bestuursplan) en hul naam, adres en kontakbesonderhede verskaf (en dui asseblief aan watter metode van kennisgewing u voorkeur). Dui ook asseblief aan of u 'n persoonlike, besigheids-, finansiële of ander belang by die proses het. Let daarop dat toekomstige korrespondensie slegs aan geregistreerde B&GP's gestuur sal word.

'n Konsultasievergadering word voorlopig beplan vir Dinsdag, 26 Januarie 2021, onderhewig aan die COVID-19-protokolle van die bevoegde owerheid in ooreenstemming met die Wet op die Bestuur van Rampe, Nr. 57 van 2002. Vergaderingsbesonderhede, sowel as of 'n fisiese vergadering sal plaasvind of nie, sal met geregistreerde B&GP's bevestig word.

**KONTAKBESONDERHEDE** (om as 'n B&GP te registreer):

**Pos:** The Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299

**E-pos:** swartlandmun@swartland.org.za

**Faks:** 022 - 487 9440